Steinhoff: Versekeraars dok op, nie vir Jooste en kie.

Steinhoff se versekeraars is bereid om skadevergoeding namens Christo Wiese, sy seun, Jacob, en tientalle ander voormalige Steinhoff-direkteure te betaal, maar nie namens Markus Jooste nie.
Christo Wiese was die grootste aandeelhouer en voorsitter voor die ineenstorting van die maatskappy.
Die direkteure vir wie se eise versekeraars pa sal staan, is Dinsdag in ’n gewysigde skikkingsvoorstel van die groep gelys. Dit beteken hulle sal nie persoonlik aanspreeklik wees vir vergoedingseise nie.
Die versekeraars het ooreengekom om meer as R1,3 miljard se vergoeding aan sekere eisers namens die direkteure te betaal.
Wiese is ook een van die groot eisers teen Steinhoff.
Hy het al ’n paar keer in die openbaar ontken dat hy enigiets oor die geknoei met die maatskappy se boeke geweet het en het voorheen gesê dit was vir hom ’n groot skok.
Jooste, voormalige uitvoerende hoof van Steinhoff, Ben la Grange, voormalige finansiële direkteur, Stéhan Grobler en Siegmar Schmidt word as “aandadige” direkteure en amptenare gelys vir wie nie aanspreeklikheidsversekering uitbetaal gaan word nie.
Aanspreeklikheidsdekking beskerm direkteure en bestuur teen eise wat kan voortspruit uit die besluite en aksies wat binne die bestek van hul gewone pligte geneem word.
Bedrog en doelbewuste wetsoortredinge word tipies nie deur sulke versekering gedek nie.
Die gewysigde skikkingsvoorstel wat Steinhoff Dinsdag uitgereik het, bevat nou ’n ondersteuningsooreenkoms met sekere versekeraars en sekere voormalige direkteure.
Die ander direkteure wat deel van die skikking is, is: Stefanes Francois Booysen, David Charles Brink, Claas Edmund Daun, Hendrik Johan Karel Ferreira, Thierry Louis Joseph Guibert, Deenadayalen Konar, Angela Krüger-Steinhoff, Antoinette Lategan in haar hoedanigheid as die eksekuteur van die boedel van wyle Marthinus Theunis Lategan, Johannes Fredericus Mouton, Frederik Johannes Nel, Hein Odendaal, Dirk Schreiber, Franklin Abraham Sonn, Heather Joan Sonn, Bruno Ewald Steinhoff, Paul Denis Julia van den Bosch, Daniël Maree van der Merwe en Johan van Zyl.
Die name van die vier direkteure wat as “aandadige direkteure” gelys word, is in Maart 2019 in die parlement deur Steinhoff geïdentifiseer as betrokke by die beweerde ongerymdhede met sy boeke.

Dirk Schreiber
Schreiber se naam is ook in die parlement onthul; hy is egter nou onder die direkteure met wie geskik is.
Steinhoff het by navraag gesê Schreiber is by die skikkende direkteure ingesluit omdat hy met die maatskappy saamgewerk het.



Jayendra Naidoo
’n Voormalige direkteur wie se naam weggelaat is, is Jayendra Naidoo, wat tot baie onlangs nog voorsitter van die Steinhoff-filiaal Pepkor was.
Naidoo het tot dusver nog nie die skikkingvoorstel aanvaar nie, volgens Steinhoff.
Naidoo het nie op vrae gereageer nie.
Hy is mede-eienaar van ’n maatskappy wat ’n groot eis teen Steinhoff ingestel het.

Addisionele vergoeding
Die versekeraars gaan namens die direkteure en amptenare wat geskik het, addisionele vergoeding aan sekere eisers verskaf.
Die versekeraars het ingestem om R1,37 miljard op te dok.
Die ooreenkoms wat middel Februarie met die ouditeursfirma Deloitte van Nederland en Deloitte & Touche Suid-Afrika bereik is, word nou deur die meer omvattende ondersteuningsooreenkoms vervang.
Voorheen is berig dat Deloitte ook ingestem het om R1,3 miljard se vergoeding aan sekere eisers te betaal.
Deloitte was 20 jaar lank die groep se ouditeure.
“Ingevolge die ondersteuningsooreenkoms gee die versekeraars, die direkteure, Deloitte, SIHPL, SIHNV en ander Steinhoff-maatskappye mekaar kwytskelding van enige aanspreeklikheid wat met die gebeure by die groep verband hou.”
Die betaling is bedoel aan aandeelhouer-eisers van Steinhoff wat hul aandele in die mark gekoop het, asook sekere kontraktuele eisers (partye wat ’n kontrak met Steinhoff gesluit het).
Die vergoeding word verskaf in ruil vir die eisers wat kwytskelding gee aan die direkteure en versekeraars om nie eise in te stel teen hulle of voort te gaan met eise teen hulle nie.
Die versekeraars en die direkteure en Deloitte erken nie met die betaling enige aanspreeklikheid vir die verlies wat aandeelhouers gely het as gevolg van die groep se boeke wat gekook is nie.
Steinhoff sê ingevolge die ondersteuningsooreenkoms behou die groep die reg om eise in te stel of voort te gaan met eise teen:
* Voormalige direkteure en amptenare (Jooste, La Grange, Grobler en Schmidt) vir hul beweerde betrokkenheid by die beweerde boekhouding-onreëlmatighede;
* Ondernemings en ander individue wat na bewering ontvangers is van betalings deur die groep binne die konteks van die beweerde ongerymdhede met die boeke sonder ’n regsrede of regverdiging; en
* Voormalige direkteure en bestuurders wat betalings, in die konteks van die beweerde ongerymdhede, van die groep of derde partye ontvang het en hulle ’n wins of voordeel laat kry het waarop hulle nie geregtig is nie (insluitend enige geheime winste).

* Jooste reageer nooit op medianavrae nie.
* Grobler het nie op ’n WhatsApp-boodskap gereageer nie.
* Schmidt het nie voorheen op ’n navraag gereageer nie.
* La Grange wou nie kommentaar lewer nie.

